

Smit, J  
Noordwes-Universiteit (Potchefstroom)

## Die kerk se regsposisie in Suid-Afrika in die lig van godsdiensvryheid – gereformeerd-kerkregtelik gesien\*

ABSTRACT

### The Legal Position of the Church in South Africa Regarding Religious Freedom – A Reformed Church Polity Perspective

Dissatisfaction with the legal definition of the Church, as voluntary association (*societas*), bears the potential for creating conflict between Church and State – including for example possible lawsuits concerning topical issues such as “the Church and homosexuality” and the legal position of the clergyman. The core question is: How would an exact view of the Church’s legal position in South Africa regarding religious freedom avert potential conflict between Church and State? The article points out that defining the Church as a voluntary association dates back to the period of the Aufklärung. In Germany, where the Church was originally defined as a voluntary association, the current view of this definition is that it is an abstract and a-historical conception about the Church. Within the framework of it’s legal position, three possible ways of defining the Church are explored. Firstly, the power to define the Church could be ascribed to the State. Secondly, the possibility exists for creating an objective measure for defining the Church. The third possibility, namely that the Church should be entitled to define itself, should be followed in South Africa. The right of the Church to define itself is an essential hallmark of the right of religious freedom in which the legal position of the church should be understood. By virtue of the Church’s self-defining, the State is obliged to accord the Church a status that acknowledges the distinctive position of the Church within the State.

### 1. INLEIDING

#### 1.1 Aktualiteit en probleemstelling

Die aktualiteit van die tema word beklemtoon deurdat kerke van die gereformeerde tradisie in Suid-Afrika ontevredenheid uitspreek met die houe se beoordeling van die kerk as ’n vrywillige vereniging (*societas*).<sup>1</sup> Ontevredenheid oor dié aangeleentheid skep die moontlikheid van konflik tussen die kerk en die staat – ook byvoorbeeld met ’n moontlike beroep op die houe oor aktuele aangeleenthede, soos “die kerk en homoseksualiteit” én die predikant se regsposisie.<sup>2</sup> ’n Juiste

\* Referaat gelewer by ’n Kerk-Staat Konferensie aangebied deur die Fakulteit Teologie, Universiteit van Stellenbosch, 25-27 Oktober.

1 Coertzen, 2001:115-122; Smit, 2001:74 e.v.; vgl. Acta, 1955:70 e.v.; 1982:626-630; 1985:466 e.v.

2 Vgl. Botha, 2005(a); Botha, 2005(b).

siening van die kerk se regsposisie bied in alle gevalle, waar die kerk en die staat 'n gemeenskaplike belang by landsburgers het, 'n belangrike basis vir die houe om te oordeel of die kerk binne die kader van sy bevoegdheid of daar buite optree.<sup>3</sup> Aan die hand van die kerk se regsposisie word nagegaan of die beginsel van godsdienstvryheid moontlik 'n oplossing bied om konflik tussen die kerk en die staat te voorkom.<sup>4</sup> Die probleemstelling word soos volg geformuleer:

*Hoe kan 'n juiste siening van die kerk se regsposisie in Suid-Afrika in die lig van godsdienstvryheid moontlike konflik tussen die kerk en die staat voorkom?*

Die probleemstelling ontplooi in die volgende vrae:

- *Wat is die regsposisie van gereformeerde kerke (en ander geloofsgroepe) in Suid-Afrika?*
- *Watter reg gee godsdienstvryheid aan kerke, wat konflik kan voorkom oor die staat se beskouing van die kerk se regsposisie?*
- *Watter toetse kan deur die houe gebruik word om dié reg van die kerk te beoordeel?*

## 1.2 Kontekstualisering

In die kontekstualisering word sekere uitgangspunte van reformatoriese kerke oor die verhouding tussen kerk en staat gestel, gerig op die verdere ontplooiing van die tema aan die hand van die probleemstelling.

- Kerke van die reformasie het 'n gevestigde tradisie waarin hulle op Skrifgronde erken dat die staat 'n instelling van God is.<sup>5</sup> Dié kerke oordeel dat die staat die verantwoordelikheid het om die burgerlike samelewing by wyse van wetgewing te orden.<sup>6</sup> Daarom onderwerp gereformeerde kerke, ook in Suid-Afrika, hulle sonder meer aan die beginsel van die oppergesag van die reg.<sup>7</sup> Die kerk is, soos die staat, onteenseglik aan die Grondwet gebonde.
- Die kerk se gebondenheid aan die Grondwet is veelseggend met betrekking tot die kerk se regsposisie. Deur die Grondwet te erken gee gereformeerde kerke die aanname prys dat kerke se regsposisie as die van 'n gesag (magsblok) teenoor die staat, of as 'n "staat in die staat", beoordeel moet word.<sup>8</sup> Die kerk leef en werk in die staat as 'n samekoms van mense op grond van gemeenskaplike geloofsgronde.<sup>9</sup> Kerke van die reformasie erken dat die regsposisie van die kerk as 'n posisie in die staat onder die gesag van die Grondwet beoordeel moet word.<sup>10</sup>

- Kerke van die reformasie erken die Skrifopdrag om gehoorsaam te wees aan die staat én om voorbidding te doen vir die regering, ongeag die feit dat die staat 'n heidense of neutrale uitgangspunt oor godsdienste mag huldig.<sup>11</sup> In die hedendaagse kerk-staat konteks handhaaf hierdie kerke die wete dat die kerk nie die staatskonteks bepaal waarin hy optree nie.<sup>12</sup> In enige staat, byvoorbeeld 'n monargie, 'n oligargie, 'n outokrasie of 'n liberale demokrasie bly die kerk se opdrag dieselfde, naamlik om die kerk op te bou en uit te brei.<sup>13</sup> Die uitvoering van hierdie opdrag vind binne die grense van die staatsgesag plaas. In die Nuwe Testament ontvang die kerk nie die opdrag om 'n Christelike staat, óf 'n alternatief vir die heersende staat daar te stel nie.
- Kerke van die reformasie erken ook die Skrif se begrensing vir die kerk se gehoorsaamheid aan die staat.<sup>14</sup> Die kerk mag nie aan die staat meer gehoorsaam wees as aan die Woord van God nie.<sup>15</sup> Indien die staat eis dat die kerk ontrou aan die Woord moet wees, het die kerk die verantwoordelikheid om nie die bepalings (wette) van die staat te gehoorsaam nie.<sup>16</sup> Die begrensing van die kerk se gehoorsaamheid aan die staat skep die moontlikheid van 'n konfrontasie tussen die kerk en die staat, veral in grensgevalle waar daar nie 'n duidelike basis is om aan te toon wat die onderskeid tussen die kerk en die staat se bevoegdheid is nie.<sup>17</sup>
- In Suid-Afrika word aanvaar dat kerke ook regs persone is.<sup>18</sup> Volgens die Grondwet is "'n regs persoon geregtig op die regte in die Handves van Regte in die mate waarin die aard van die regte en die aard van daardie regs persoon dit vereis".<sup>19</sup> Du Plessis wys daarop daar nog nie uitsluiting gegee is oor watter godsdienste op die kerk as regs persoon van toepassing is nie.<sup>20</sup> Vir die doeleindes van hierdie artikel word aanvaar dat die reg van godsdienstvryheid op die kerk as regs persoon van toepassing is – andersins sou die betekenis van die reg van godsdienstvryheid wesentlik ingekort word.<sup>21</sup>

Die Konstitusionele Hof gee erkenning daaraan dat geloofstandpunte 'n konfrontasie tussen die kerk (geloofsgroepe) en die staat kan skep.<sup>22</sup> Volgens die Konstitusionele Hof moet die houe daarop bedag wees om mense nie voor 'n keuse van gehoorsaamheid aan die staat of die navolging van 'n geloofsdoel te stel nie.<sup>23</sup>

3 Vgl. Pienaar, 1997:65 e.v.; Pirson, 1995:862 e.v.

4 Vir die doeleindes van hierdie voorlegging word aanvaar dat die staat 'n positief-neutrale uitgangspunt teenoor godsdienste, d.w.s. ook teenoor die kerk, handhaaf (vgl. Du Plessis, 1996:451). "As far as religion and religious diversity is concerned, the South African Constitution can be described as one of profound toleration and accommodation" (Van der Vyfer, 1999:par. IV). Kyk "Neutralität" als Verfassungsrechtliches Prinzip (Schlaich, 1972) vir die onderskeid tussen negatiewe en positiewe staatsneutraliteit. Die beskrywing van die staat se uitgangspunt as positief-neutraal toon inhoudelike ooreenstemmings met wat tans in Suid-Afrika beskryf word as 'n "onpartydige staat" (vgl. Malherbe, 2005:15, 16).

5 Calvyn *Inst.* 4.20.4; Ridderbos, 1966:360, 361.

6 Vgl. Eloff, 1982:70 e.v.

7 Vorster (2004:517-545) gaan byvoorbeeld van die veronderstelling uit dat die kerk aan die Grondwet gebonde is.

8 Vgl. Heckel, 1994:182.

9 Vgl. NGB art. 27.

10 Vgl. Calvyn *Inst.* 4.20.2; Kirchhof, 1994:666; vgl. Weber, 1994:573 e.v.; vgl. Hollerbach, 1968; Heckel, 1994:180.

11 Jeremia 29:6(b), 7 – "Julle moet daar in Babel baie word, nie min nie. Bevorder die belange van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, bid tot my vir daardie stad, want sy belange is ook julle belange". Vgl. ook die Nagmaalsformulier: "Volgens die bevel van Christus en die apostel Paulus vermaan ons dan ook almal wat weet dat hulle met die volgende afstootlike sondes besmet is, om nie die nagmaal van die Here te gebruik nie, en ons verkondig aan hulle dat hulle geen deel aan die ryk van Christus het nie: ... almal wat skeuring en oproer in kerk en in staat wil veroorsaak" (Formulier vir die viering van die Heilige Nagmaal, 2001:122 – My beklemtoning – JS).

12 Vgl. Heckel, 1968:27 e.v.

13 Matteus 28:16-20; Markus 16:14-18; Lukas 24:36-49; Johannes 20:19-23; vgl. Hand. 1:6-8; vgl. Calvyn *Inst.* 4.20.8.

14 Handeling 4:20; 5:29; vgl. Jonker, 1976:176; Van der Linde, 1965:167, 168; Van der Walt, 2005:77.

15 Handeling 5:29; vgl. Jonker, 1976:176.

16 Jonker, 1976:176.

17 *Christian Education South Africa v Minister of Education* 2000 (10)BCLR 1051 (CC) par. 33-35.

18 Du Plessis, 2002:3.2.1.

19 Grondwet, art. 8(4).

20 Du Plessis, 2002:3.2.1.

21 Vgl. 3.3.

22 *Christian Education South Africa v Minister of Education* 2000 (10)BCLR 1051 (CC) par. 33-35.

23 *Christian Education South Africa v Minister of Education* 2000 (10)BCLR 1051 (CC) par. 33-35.

## 2. DIE REGSPOSISIE VAN GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

### 2.1 Die kerk as 'n korporasie

In verskeie hofuitsprake het die hofe die kerk aanvanklik as 'n *universitas*, oftewel 'n korporasie, beoordeel.<sup>24</sup> Deur die kerk as 'n korporasie te beoordeel – 'n eenheid of 'n geheel van afsonderlike lede wat gesamentlik 'n regs persoon vorm – het die hofe gepoog om die eiesoortige aard van die kerk in die gemeenskap te erken.<sup>25</sup> Die hof het byvoorbeeld bevind dat die kerk 'n spesifieke soort korporasie is, wat vir 'n spesifieke doel ontstaan.<sup>26</sup> Die (godsdiensooreenkomstige) doel van die kerk is deel van die kerk se 'konstitusie' én daarom mag die hofe nie met interne kerklike sake inmeng nie.<sup>27</sup> Sodoende was die definiering van die kerk as 'n korporasie ook 'n erkenning daarvan dat die kerk die bevoegdheid het om selfstandig besluite te neem én uit te voer sonder dat die staat jurisdiksie oor besluite van die kerk moet oefen.<sup>28</sup>

### 2.2 Die kerk as 'n vrywillige vereniging

In die Suid-Afrikaanse regspraak het dit tans 'n gevestigde gebruik geword om die regsposisie van die kerk as 'n vrywillige vereniging (*societas*),<sup>29</sup> oftewel 'n vennootskap wat deur verskillende partye tot stand gebring word, te beoordeel.<sup>30</sup> Die beskouing dat die kerk 'n vrywillige vereniging is, rus op die aanname dat interne kerklike verhoudings 'n kontraktuele basis het.<sup>31</sup>

Die definiering van die kerk as 'n vrywillige vereniging is herleibaar uit die denkwys van die Aufklärung.<sup>32</sup> In dié tydperk is geoordeel dat die kerk 'n *societas aequalis* is – 'n regs persoon tussen ander regs persone wat op gelyke basis 'n plek in die staatshuishouding ontvang én saam met ander regs persone aan die staatsgesag onderhorig is.<sup>33</sup> Deur die regsdefiniering van die kerk, byvoorbeeld as 'n vrywillige vereniging, is die kerk in die staatsorde ingelyf.<sup>34</sup> Die staat het dus die bevoegdheid gehad om soewereiniteitsgesag teenoor die kerk uit te oefen.<sup>35</sup> Die regsposisie van die kerk is beoordeel sonder om in ag te neem dat die kerk, soos die staat, 'n *societas inaequalis* is – 'n gemeenskap met outentieke gesag wat ook die selfstandige bevoegdheid het om hierdie gesag intern uit te oefen.<sup>36</sup>

In verskillende kerkreg- en regstradisies word tans aanvaar dat die definiering van die kerk as 'n vrywillige vereniging 'n miskennis is van die oorsprong, outentieke gesag en gods-

24 Vgl. Pienaar, 1986:7, 8.

25 Hiemstra & Gonin, 1992:300.

26 *Dutch Reformed Church, Van Wijks Vlei v Registrar of deeds* 1918 CPD 375 op 477.

27 *Dutch Reformed Church, Van Wijks Vlei v Registrar of deeds* 1918 CPD 375 op 477.

28 Vgl. *Dutch Reformed Church, Van Wijks Vlei v Registrar of deeds* 1918 CPD 375 op 477; *Venter ea v Den Kerkraad der Gereformeerde kerk te Bethulie* 1879 OVS 4 p. 6.

29 Vgl. *Venter ea v Den Kerkraad der Gereformeerde kerk te Bethulie* 1879 OVS 4 p. 6; *Louvis ea v Oikonomos ea* 1917 TPA 475; vgl. Smit, 2001:73.

30 *Theron v Ring van Wellington, N.G. Sendingkerk in S.A.* 1976 2 SA 1 (A) op 25; *Van Vuuren v Kerkraad Mōreliq Gemeente, NG Kerk* 1979 4 SA 548 (O) op 557; *Long v Bishop of Cape Town* 1963 4 Searle 162 op 176; *Du Plessis v the Synod of the DR Church* 1930 CPD 403 op 414, 417; *Odendaal v Van Loggerenberg en andere* 1961 1 SA 712 (O) op 717; *De Vos v die Ringskommissie van die Ring van die NGK, Bloemfontein* 1952 2 SA 83 (O) op 93.

31 Hiemstra & Gonin, 1992:200.

32 *Schreuder v Die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit e.a.* 1999 20 ILJ 1936 (LC) par. 22.

33 Smit, 1985:55; vgl. Heckel, 1994:187; Pirson, 1994:26.

34 Pirson, 1994:26.

35 Pirson, 1994:26.

36 Pirson, 1994:26.

37 Vgl. Pirson, 1994:26.

diensbepaalde doel van die kerk.<sup>38</sup> Die oorspronggronde van die kerk rus nie op 'n volkome menslik-vrywillige basis nie, maar word deur die spanning tussen roeping deur die Here en verantwoordelikheid van die mens bepaal.<sup>39</sup>

### 2.3 Perspektief

Daar is aanduidings dat die hofe in Suid-Afrika se beoordeling van die kerk se regsposisie erkenning gegee het aan die kerk se eiesoortige aard én unieke posisie in die samelewing. Vanweë die invloed van die Aufklärung het die hofe die kerk later as 'n vrywillige vereniging gedefinieer.<sup>40</sup> Dié definiering van die kerk, wat daartoe aanleiding gee dat die kerk by wyse van 'n regs persoonlikheid onder die gesag van die staat in die staatsorde ingelyf word, is inderdaad al beskryf as 'n verasionaliseerde, a-historiese en abstrakte denkwys oor die kerk.<sup>41</sup> Myns insiens bied dié denke oor die aard van die kerk se regs persoonlikheid in Suid-Afrika die basis vir gereformeerde kerke se ontevredenheid met die wyse waarop die kerk se regsposisie deur die hofe beoordeel word.<sup>42</sup>

## 3. DIE REG VAN DIE KERK IN DIE LIG VAN GODSDIENSVRYHEID

### 3.1 Definiering deur die staat?

In Suid-Afrika word aanvaar dat die hofe die bevoegdheid het om die kerk te definieer. Dié definiering vind hoofsaaklik plaas aan die hand van kontraktereg beginsels, soos blyk uit die definiering van die kerk as 'n vrywillige vereniging.<sup>43</sup> Die beskouing dat die hofe die bevoegdheid het om die kerk te definieer is onder meer in die staatskerk-era in Duitsland gehandhaaf.<sup>44</sup> In wat beskryf kan word as 'n poging van die staat om sy gesag teenoor die kerk te konsolideer, is die definiering van die kerk én die reëling van interne kerklike aangeleenthede aan die staat opgedra.<sup>45</sup>

Dié beskouing rus daarop dat die kerk 'n posisie van ondergeskiktheid aan die staat beklee.<sup>46</sup> Hiervolgens het die kerk nie die bevoegdheid om as 'n 'staat in die staat' te funksioneer nie.<sup>47</sup> Deur die bevoegdheid om die kerk te definieer aan die staat op te dra, is ook gepoog om te voorkom dat die kerk as 'n 'wetgewer' en 'n 'regter in sy eie saak' optree.<sup>48</sup> In alle probleemgevulle het die hofe die definieringsbevoegdheid gehad om te beslis watter aangeleenthede as interne kerklike sake beoordeel moet word en watter aangeleenthede nie as sodanig beoordeel moet word nie.<sup>49</sup>

In die lig van godsdiensvryheid kan die kerk én die staat nie aanvaar dat die staat die bevoegdheid het om die kerk te definieer nie.<sup>50</sup> Godsdiensvryheid gaan van die veronderstelling uit dat daar 'n prinsipiële skeiding tussen die bevoegdheidsfere van die kerk en die staat is.<sup>51</sup> Deur dié

38 Vgl. Pirson, 1994:26; Spoelstra, 1989:13-15; Van der Walt, 1976:18; Du Plooy, 1979:8, 9; Smit, 1985:55 e.v.; Smit, 2001:74 e.v.; Van der Linde 1965:19.

39 Vgl. 4.2.1.

40 Vgl. Jooste, 1958:15.

41 Vgl. Pirson, 1994:26.

42 Vgl. 2.1, 2.2.

43 Vgl. 2.2.

44 Anschütz, 1974:307.

45 Vgl. Pirson, 1994:13 e.v.

46 Anschütz, 1974:307.

47 Anschütz, 1974:307.

48 Anschütz, 1974:307.

49 Vgl. Hesse, 1994:541 e.v.

50 Vgl. Von Campenhausen, 1994:49.

51 Von Campenhausen 1994:49-52; Gildenhuys, 2001:221-224; vgl. Pirson, 1994:63 e.v.; Pirson, 1995:846, 847.

skeiding laat die Grondwet ruimte om opdragte en take, wat noodwendig belangrik is vir die welstand van die gemeenskap, naas die opdragte en take van die godsdiensneutrale staat te erken.<sup>52</sup> Die Grondwet bepaal nie watter opdragte en take naas die bevoegdheidsfeer van die staat onderskei word nie.<sup>53</sup> Indien die Grondwet byvoorbeeld 'n lys van opdragte en take van die kerk sou maak, word die selfstandigheid en die eie aard van die kerk en die kerkregering ontken.<sup>54</sup> Die waarborg van godsdiensvryheid en die meegaande skeiding tussen kerk en staat word sodoende in beginsel tot niet gemaak.<sup>55</sup> 'n Hof se definiëring van die kerk se opdragte en take sou bowendien 'n inherente teenstrydigheid inhou.<sup>56</sup> "Was nicht geregelt ist, kann auch nicht durch Auslegung ermittelt werden".<sup>57</sup>

### 3.2 'n Objektiewe maatstaf?

'n Ander moontlikheid om die kerk te definieer is om van 'n 'objektiewe maatstaf' gebruik te maak.<sup>58</sup> Dié teorie gaan van die veronderstelling uit dat daar 'n skeiding tussen die kerk en die staat is.<sup>59</sup> Die objektiewe maatstaf teorie het veral ten doel om te bepaal watter aangeleenthede onder die reëlingsbevoegdheid van die kerk, of onder die van die staat, val.<sup>60</sup> Dié teorie onderskei tussen die 'aard van die saak' en die 'doel van die saak' as beoordelingskriteria vir wat as interne kerklike sake bepaal moet word.<sup>61</sup> Aan die hand van die 'aard van die saak' en die 'doel van die saak' moet 'n 'objektiewe maatstaf' gevind word vir die definiëring van kerklike sake.<sup>62</sup> Die definiëring van die kerk word dus nie aan die diskresie van die staat of aan 'n subjektiewe kerklike definisie oorgelaat nie.<sup>63</sup>

Ongeag die probleme wat kan ontstaan met betrekking tot die 'aard van die saak' en die 'doel van die saak' slaag die teorie van 'n objektiewe maatstaf nie daarin om die kern van die probleem op te los nie.<sup>64</sup> Die kern van die probleem is dat 'n objektiewe maatstaf vir die definiëring van die kerk slegs ontwikkel kan word as die kerk en die staat konsensus het oor wat die objektiewe maatstaf is.<sup>65</sup> In praktiese konflikte tussen die kerk en die staat het die beskouing dat die 'aard van die saak' en die 'doel van die saak' rigtinggewend sal wees vir die ontwikkeling van 'n objektiewe maatstaf nie gerealiseer nie.<sup>66</sup>

### 3.3 Selfdefiniëring deur die kerk

Waar die Grondwet nie die kerk of interne kerklike sake definieer nie, én waar 'n vooraf bepaalde 'objektiewe maatstaf' nie 'n oplossing bied vir die definiëring van die kerk nie, rus die bevoegdheid om die kerk te definieer óf by die wetgewer óf by die kerk.<sup>67</sup> Die moontlikheid dat die wetgewer die bevoegdheid het om die kerk te definieer word nie deur die kerk of die staat in 'n godsdiensneutrale

52 Hesse, 1994:541.  
 53 Die Grondwet waarborg slegs die reg van godsdiensvryheid én die reg van regs persone om dié vryheid uit te leef (Gildenhuys, 2001:257 e.v.).  
 54 Hesse, 1994:541.  
 55 Hesse, 1994:541.  
 56 Hesse, 1994:541.  
 57 Hesse, 1994:541.  
 58 Ebers, 1930:258.  
 59 Vgl. Ebers, 1930:258, 259.  
 60 Vgl. Jurina, 1979:20 e.v.  
 61 Ebers, 1930:258, 259.  
 62 Hesse, 1994:541.  
 63 Hesse, 1994:541.  
 64 Hesse, 1994:541.  
 65 Hesse, 1994:541.  
 66 Von Campenhausen, 1994:49.  
 67 Vgl. Hesse, 1994:541.

staat aanvaar nie.<sup>68</sup> Beide instansies (die kerk en die staat) behoort te aanvaar dat waar die Grondwet self nie 'n beslissende definisie van die kerk gee, of bepaal wat as interne kerklike sake beoordeel moet word nie, die wetgewer of die hof eweneens nie so 'n definisie kan gee nie.<sup>69</sup>

Bepalings oor godsdiensvryheid in die Grondwet bied die basis daarvoor dat die staat 'n godsdiensneutrale uitgangspunt teenoor kerke en ander godsdiensgroepe handhaaf.<sup>70</sup> Vanweë dié grondwetlik begronde selfdefiniëring van die staat as 'godsdiensneutraal' dien die skeiding tussen die kerk en die staat én die erkenning van fundamentele regte, in besonder die reg van godsdiensvryheid, as 'n beperking van die staat se kompetensie tot die burgerlike samelewing.<sup>71</sup> Dié grondwetlik bepaalde beperking op die staat veronderstel eweneens dat die neutrale staat nie die kerk of ander geloofsgemeenskappe in die staatsorde behoort in te lyf nie. Deur 'n unieke posisie in die staat te skep waarin kerke hulle geloof kan formuleer en uitleef, skep die staat ruimte vir sy eie ontwikkeling.<sup>72</sup>

Sodoende word die definiëring van die kerk én wat as interne kerklike sake beskou word buite die sekulêrbegrensde definiëeringsbevoegdheid van die staat geplaas.<sup>73</sup> Die reg van die kerk om homself en sy 'interne kerklike' sake te definieer is dus 'n essensiële kenmerk van die grondwetlik gewaarborgde reg van godsdiensvryheid.<sup>74</sup>

### 3.4 Perspektief

Dit lê in die hart van die beginsel van godsdiensvryheid, die meegaande neutrale uitgangspunt van die staat én die skeiding tussen die kerk en die staat om aan die kerk die reg te gee om homself te definieer. Deur die kerk se selfdefiniëring kom die aard van die kerk se regs persoonlikheid duidelik na vore – dit wil sê die kenmerke van die kerk is bepalend vir die spesifieke wyse waarop sy regs persoonlikheid na vore kom.<sup>75</sup> Dié aard van die kerk se regs persoonlikheid is bepalend vir dié wyse waarop hy as 'n geloofsgemeenskap aan die algemene regsverkeer sal deelneem.<sup>76</sup>

## 4. TOETSE VIR KERKLIKE SELFDEFINIËRING

### 4.1 Die Regstaatbeginsel

In die regstaat is die selfdefiniëring van die kerk binne die raamwerk van die Grondwet steeds toetsbaar deur die howe.<sup>77</sup> Die howe het die gesag van beslegting en het derhalwe die bevoegdheid om

68 Hesse, 1994:541, 542.  
 69 Hesse, 1994:541.  
 70 Vgl. *Allsop v McCann* [2000] JOL 7147 (C) op 15; vgl. Badura, 1994:221 oor toleransie, godsdiensvryheid en staatsneutraliteit.  
 71 Von Campenhausen, 1994:49.  
 72 "Dieser Raum ginge verloren, wollte sie (der Staat) die Art ihrer eigenen Existenz absolut setzen. Religiöse Bedürfnisse brauchen die Möglichkeit der Verwirklichung. Weder der Staat noch erst recht die Europäische Gemeinschaft können die Voraussetzungen hierfür schaffen ... Die vollständige Leugnung kirchlicher Selbstbestimmung würde die Europäische Union im Ergebnis entweder selbst sakralisieren oder aber die Entscheidung für den Atheismus bedeuten. Beides wäre ein Verstoß gegen die Verpflichtung zur Neutralität" (Robbers, 1994:323; vgl. Hesse, 1994:528, 529). In die Duitse kerkstaat konteks moet die begrippe "Selbstbestimmung" en "Selbstbestimmungsrecht" nie in terme van die selfbeskikking van volke verstaan word nie, d.w.s nie as 'n staatsvergunning aan 'n spesifieke groep in die gemeenskap nie, maar as die 'selfverwesentliking' van die kerk.  
 73 Vgl. byvoorbeeld BverfGE 70, 138 (165, 166); Von Campenhausen, 1994:49; Weber, 2000:123.  
 74 Gildenhuys, 2001:242.  
 75 Pienaar, 1986:17; vgl. Pienaar, 1997:54.  
 76 "Alle Religionsgemeinschaften leiten ihren Rechtsstatus im politischen Gemeinwesen aus dem staatlichen Recht ab und sind diesem unterworfen" (Kirchhof, 1994:666).  
 77 Hesse, 1994:542 e.v.

finale uitslag oor die toelaatbaarheid én die aanvaarbaarheid van die selfdefiniëring van die kerk te gee.<sup>78</sup> Indien die howe die beslissingsbevoegdheid oor die aanvaarding van die kerk se selfdefiniëring sou prysgee, word die regstaatbeginsel gerelativeer tot 'n teoretiese konsep sonder praktiese uitvoerbaarheid ten opsigte van die funksionering van die kerk binne die grense van die regstaat. So 'n benadering sou in beginsel daarop neerkom dat die staat 'n 'blanco tjek' aan die kerk en ander godsdienegroepes sou gee om na willekeur in die staatshuishouding op te tree – 'n benadering wat botsende effekte ten gevolg kan hê wat uiteindelik 'n bedreiging vir die staatsorde sou inhou – veral in die gevalle waar bepaalde godsdienegroepes hulle nie noodwendig aan die Regstaatbeginsel gebonde ag nie.<sup>79</sup>

#### *Toetsing aan die hand van die belydenis*

Die belydenis van die kerk is die belangrikste maatstaf vir die howe van die neutrale staat om die kerk se selfdefiniëring te beoordeel.<sup>80</sup> Die howe in Duitsland aanvaar dat die belydenis 'n uitdrukkingswyse is van die manier waarop die kerk sy doel, sy funksie en sy wese in die lig van die Skrif verstaan.<sup>81</sup> Daarom behoort kerke hulleself in die lig van die Skrif en die belydenis te definieer om moontlike onduidelikheid oor die kerk se doel, sy funksie en sy wese uit die weg te ruim.

In die godsdieneneutrale staat bied godsdienevryheid aan die kerk die vryheid om godsdien in die lig van die Skrif binne die bakens van sy verklaarde belydenis uit te leef.<sup>82</sup> Terselfdertyd lê godsdienevryheid die verantwoordelikheid op die kerk om homself, én sake wat deur die kerk as "interne kerklike sake" beskou word, in die lig van sy belydenis in verband met godsdienevryheid te definieer om sodoende verwarring te voorkom oor wat die kerk is én wat die kerk as interne sake beoordeel.<sup>83</sup>

Indien die kerk nie die geleentheid en die verantwoordelikheid ten volle benut wat godsdienevryheid hom bied om homself en sy interne kerklike sake binne die grense van sy belydenis te definieer nie, kan die kerk nie van die howe verwag om die beginsel van kerklike selfdefiniëring te respekteer nie. Vir die Skrif en belydenisbepaalde kerkreg van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bied die toetsing aan die hand van die belydenis die geleentheid om sake wat as grensgevalle in die kerk-staat verhouding beskou word in verband met godsdienevryheid te definieer sodat moontlike misverstand oor die kerkgemeenskap se standpunt nie ontstaan nie.

#### *Toetsing aan die hand van eksegetiese vraagstukke*

Tog moet gestel word dat die belydenis sekere beperkings het en nie alleen voldoende is om as maatstaf vir die kerk se selfdefiniëring te dien. Nie alle sake wat vir die kerk in sy wese, sy funksionering en sy doel van belang is en voor die hof kan dien, soos byvoorbeeld sake oor homoseksualiteit en die vrou in die amp, is belydenisaangeleenthede nie.<sup>84</sup> In verskillende lande erken die howe dat dié vroeë eksegetiese probleme aan die kerk stel wat deur die kerk self opgelos moet word.<sup>85</sup> Daarom is die eksegetiese aard en omvang van 'n bepaalde probleem 'n verdere

aanduiding vir die howe of 'n spesifieke aangeleentheid as 'n interne kerklike beoordeel moet word.<sup>86</sup> In enige beslissing van die hof oor kerklike aangeleenthede moet die hof in ag neem dat die kerk 'n geloofsgemeenskap is wat na sy wese nie godsdieneneutraal kan wees nie.<sup>87</sup> Die beginsel van godsdienevryheid plaas dus die verpligting op die howe om nie vir die kerk te bepaal wat die kerk as wesenlik moet beskou vir sy funksionering en sy voortbestaan nie, ook byvoorbeeld nie wat die kerk as sonde moet beskou, al dan nie.<sup>88</sup>

Die verantwoordelikheid rus by kerke om op meerdere vergaderings duidelike besluite te neem oor eksegetiese vraagstukke wat in die nuwe kerk-staat konteks opnuut relevant is. Met betrekking tot moreel-etiese kwessies behoort die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ondubbelsinnige en rigtinggewende besluite op grond van die Woord en die belydenis te neem waarop hulle standpunt as 'n geloofsgemeenskap gedefinieer word.<sup>89</sup>

#### *Toetsing aan die hand van interne kerklike prosedures*

Die prosedures wat kerke met interne sake en funksioneringsaspekte volg, is eweneens 'n wyse waarop die kerke hulleself definieer.<sup>90</sup> Die leer (dogma) van 'n godsdienegemeenskap kan bepalend wees vir die prosedurereëlings wat gebruik word. Die gevolg van 'n eksegetiese-dogmatiese benadering oor prosedurereëlings kan wees dat algemene regsbeginne nie vir die interne werking van 'n bepaalde godsdienegroep geld nie. In 'n konflikgeval is die algemeen aanvaarde reëls van natuurlike geregtigheid byvoorbeeld nie noodwendig deel van die interne prosedure van 'n geloofsgemeenskap nie.<sup>91</sup>

Die Joodse geloofsgemeenskap handhaaf byvoorbeeld die standpunt dat 'n Rabbi nie die reg het om as 'n Rabbi bevestig te word nie.<sup>92</sup> In 'n dispuut oor sy amp kan 'n Rabbi hom nie slegs op die reëls van natuurlike geregtigheid beroep nie. Hiervoor moet die spesifieke bepalinge van die Joodse geloofsgemeenskap deur die hof in ag geneem word. In hierdie verband gee die hof in Brittanje byvoorbeeld vanweë die vervlegtheid van dogma en prosedure in die Joodse geloofsgemeenskap daaraan erkenning dat dit bykans onmoontlik is om te onderskei tussen die leerstellings van die geloofsgemeenskap en die prosedures wat gevolg word.<sup>93</sup> Die hof het dus nie die bevoegdheid om reëls wat in die algemeen vir die burgerlike reg geld, op 'n geloofsgemeenskap af te dwing nie.<sup>94</sup> 'n Geloofsgemeenskap het die reg om op grond van bepaalde leerstellings eie prosedurereëlings te tref.<sup>95</sup>

78 Hesse, 1994:542 e.v.

79 Vgl. Robbers, 2001:650.

80 Vgl. BVerf G, 6.4 1979 – 2 BvR 356/79.

81 Vgl. BVerf G, 6.4 1979 – 2 BvR 356/79.

82 Robbers, 2001:650.

83 Robbers, 2001:650.

84 Die belydenis is 'n samevatting van die hoofpunte van die Christelike leer (vgl. byvoorbeeld die Inleiding van die NGB).

85 Robbers, 2001:655; vgl. Woolman en De Waal, 1994:384.

86 "It is not for state institutions to judge the substance, or the truth or falsity, of religious beliefs per se" (Van der Vyfer, 1999:par. G.).

87 Robbers, s.j. 409.

88 Vgl. Van der Vyfer, 1999: par.G.

89 "Ons moet duidelik praat en doen. Soos die kerk in die verlede in tye van krisis helder en duidelik gepraat het, moet ons dit vandag ook doen. Wie soek na die eer van God sal nie huiwer om 'n duidelike standpunt in te neem teen byvoorbeeld die aantasting van die gesag van die Skrif, die ontering van God in die moderne lewenswyse nie en die devaluering van Christus as die Messias nie" (Vorster, 2005:7).

90 Vgl. Broyde, 1996:225 e.v.

91 Vgl. *Regent v Chief Rabbi of the United Hebrew Congregations of Great Britain and the Commonwealth (Ex parte Wachmann)* [1993] 2 All ER 249 (QB).

92 *Regent v Chief Rabbi of the United Hebrew Congregations of Great Britain and the Commonwealth (Ex parte Wachmann)* [1993] 2 All ER 249 (QB).

93 Vgl. Broyde, 1996:225 e.v.

94 Vgl. Broyde, 1996:225 e.v.

95 Vgl. Broyde, 1996:225 e.v.

### Toetsing aan die hand van dwingende gronde tot voordeel van die gemeenskap

In uitsonderlike gevalle kan aanvaar word dat die hoewe die reg van godsdiensgemeenskappe om hulleself te definieer sal beperk.<sup>96</sup> Dié beperking geld wanneer daar dwingende gronde is om aan te voer dat 'n godsdiensgemeenskap die grense waarbinne die individu of die gemeenskap se voordeel gehandhaaf en beskerm word, oorskry.<sup>97</sup> Indien die belydenis van 'n godsdiensgemeenskap byvoorbeeld die offer van kinders voorskryf, kan aanvaar word dat die staat in belang van die individu en die breër gemeenskap so 'n praktyk nie sal toelaat nie.

In 'n kontroversiële hofuitspraak het die Konstitusionele Hof van Duitsland die reg van die Jehowa se Getuies as 'n godsdiensgemeenskap in die verlede beperk.<sup>98</sup> Die Jehowa se Getuies se aansoek om *Körperschaft*-status te ontvang, 'n posisie in die staat wat verskeie voordele vir kerke en godsdiensgroepe in Duitsland inhou, is afgewys.<sup>99</sup> Die Duitse Konstitusionele Hof het geoordeel dat 'n spesifieke belydenispunt van die Jehowa se Getuies, naamlik dat lede aangemoedig word om nie in verkiesings te stem nie, 'n bedreiging vir die demokrasie, dit wil sê vir die orde van die staat, inhou.<sup>100</sup> In Duitsland is daar nie 'n wet wat landsburgers verplig om aan verkiesings deel te neem nie, gevolglik het die Konstitusionele Hof geoordeel dat die vryheid om aan verkiesings deel te neem 'n saak is waaroor die individu moet oordeel.<sup>101</sup> Maar indien 'n geloofsgemeenskap landsburgers aanmoedig om nie aan verkiesings deel te neem nie, tree so 'n geloofsgemeenskap buite sy bevoegdheid as 'n geloofsgemeenskap op.<sup>102</sup>

Vanweë die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se erkenning dat die staat deur God ingestel is, sal dit ongetwyfeld vreemd voordoen indien dié kerkgemeenskap se selfdefiniëring 'n bedreiging vir die orde van die staat inhou. Die beskouing dat die staat deur God ingestel is bied eerder die basis vir respek teenoor die staat én vir taak wat die staat moet uitvoer.<sup>103</sup>

### Perspektief

Gildenhuys het aangetoon dat Grondwetbepalings in die Duitse Grondwet oor die regsposisie van regspersone (die kerk) én bepalinge in die Suid-Afrikaanse Grondwet tegniese verskille toon, maar dat die regsposisie van die kerk in Duitsland en in Suid-Afrika prakties met mekaar ooreenstem.<sup>104</sup> Die moontlikheid bestaan dus om by die Duitse benadering met betrekking tot die reëling van die aard van die kerk se regsposisie aan te sluit.<sup>105</sup> In Duitsland ontvang kerke, op grond daarvan dat die kerk en ander godsdiensgroepe 'n regspersoon én 'n geloofsgemeenskap met 'n godsdiensbepaalde oorsprong, aard, gesagsbegrip en doel is, die *status* van 'n 'Körperschaft des öffentlichen Rechts'.<sup>106</sup>

96 Janse van Rensburg en Pienaar, 2005:41.

97 Vgl. byvoorbeeld die posisie in Duitsland: "Zu den für alle geltenden Gesetzen können nur solche Gesetze rechnen, die für die Kirche dieselbe Bedeutung haben wie für den Jedermann. Trifft das Gesetz die Kirche nicht wie den Jedermann, sondern in ihrer Besonderheit als Kirche härter, ihr Selbstverständnis, insbesondere ihren geistig-religiösen Auftrag beschränkend, also anders als den normalen Adressaten, dann bildet es insoweit keine Schranke" (BVerfGE, 42, 312 (334)).

98 Robbers, 2001:650.

99 Robbers, 2001:650.

100 Robbers, 2001:650.

101 Robbers, 2001:650.

102 Robbers, 2001:650.

103 Vgl. Heckel, 1994:182, 185 oor die standpunt van die Evangeliese kerke in Duitsland.

104 Gildenhuys, 2001:259, 260.

105 Kyk Jurina, 1994:689-713 oor kerke en geloofsgemeenskappe met privaatregtelike regstatus in Duitsland.

106 Kyk Kirchhof, 1994:651-687.

Dié status wat kerke (en ander geloofsgroepe) in Duitsland ontvang, gee erkenning daaraan dat die kerk as 'n geloofsgemeenskap 'n eiesoortige plek in die staatshuishouding inneem.<sup>107</sup> Sodoende is toekenning van 'Körperschaft'-status 'n uitdruklike erkenning deur die staat dat die kerk 'n eiesoortige posisie (*sui generis*) in die staat inneem, 'n posisie wat erkenning daaraan gee dat die kerk nie sy gesag van die staat ontvang of na die staat herlei nie.<sup>108</sup> Die belangrikste vereiste waaraan kerke en ander geloofsgemeenskappe moet voldoen om die status van 'n 'Körperschaft des öffentlichen Rechts' te ontvang, is om 'n bewys van permanensie te lewer.<sup>109</sup> Deur 'Körperschaft'-status aan kerk toe te ken, bied dit aan die kerk die geleentheid om onbelemmerd aan die regsverkeer deel te neem sonder dat die eiesoortige aard van die kerk se interne werkinge as 'n geloofsgemeenskap in die gedrang kom.<sup>110</sup> Die benadering in Duitsland is 'n radikale breuk met die beskouing dat die kerk 'n vrywillige vereniging is wat deur dié definiëring in die staatsorde ingelyf word.

Vanweë die erkenning van gemeenskaplike kenmerke tussen kerke en ander godsdiensgroepe, bestaan die moontlikheid om die aard van dié groepe se regspersoonlikheid aan die hand van dieselfde maatstawwe te beoordeel.<sup>111</sup> Twee algemene kenmerke van godsdiensgroepe is byvoorbeeld dat die oorspronggronde van 'n godsdiensgemeenskap gewoonlik 'n transendente of buitewêreldse basis het én dat dié gemeenskappe nie hulle gesag van die staat ontvang, of na die staat herlei nie – dus het godsdiensgemeenskappe gewoonlik 'outentieke' gesag volgens hulle selfdefiniëring.<sup>112</sup> Die daarstel van 'n unieke (status)posisie vir kerke en ander godsdiensgroepe op grond van hulle selfdefiniëring ondervang in 'n groot mate die probleem van godsdiensgroepe se gelykheid voor die reg sonder om noodwendig daarmee te veronderstel dat godsdienste gelykwaardig is.<sup>113</sup> Die hoewe behoort aan hierdie eiesoortige en unieke posisie van godsdiensgroepe erkenning te gee met die definiëring van die aard van die kerk se regspersoon.<sup>114</sup>

### Toegepas op die kerk

#### Toets 1: Die kerk as 'n vrywillige vereniging?

Die definiëring van die kerk as 'n vrywillige vereniging hou nie rekening met die godsdiensbepaalde gronde van die kerk se ontstaan nie.<sup>115</sup> Dié kritiek op die regsdefiniëring van die kerk as 'n vrywillige vereniging is nie tot kerke van die gereformeerde tradisie beperk nie.<sup>116</sup> Kerke van die reformasie verklaar die oorspronggronde van die kerk nie aan die hand van kontraksluiting, of enige verbintenis op 'n horisontaal menslike vlak nie, maar in die vertikale werking van 'roeping deur die Here'.<sup>117</sup>

Die fundamentele onderskeid tussen die oorsprong van die kerk en enige ander samelewingsverband is dat die Here die kerk deur die Woord en die Gees vergader.<sup>118</sup> Die kerk is

107 Robbers, 2001:649.

108 Vgl. Robbers, 2001:649.

109 Grondwet van Duitsland, Art 140 GG i.V.m. Art. 137 Abs. 5 WRV.

110 Vgl. Robbers, 2001:649.

111 Vgl. Kirchhof, 1994:651-687. Kyk Robbers (2001) oor die verskillende godsdiensgroepe wat in Duitsland 'Körperschaft'-status het.

112 Jurina, 1994:692.

113 Vgl. die benadering in Duitsland om aan kerke en ander godsdiensgroepe die status van *Körperschaft des öffentlichen Rechts* toe te ken (Kirchhof, 1994:651-687).

114 Vgl. Robbers, 2001:646.

115 Spoelstra, 1989:13-16; Van der Linde, 1965:19; Smit, 1985:57-59.

116 Pirson, 1994:26; Spoelstra, 1989:13-16.

117 Volgens Van der Linde (1965:21) rus die eiesoortigheid van die kerk daarop dat 'n mens slegs aan die kerk kan behoort deur die roeping van Godswêë.

118 Dordtse Leerreëls 3/4:6, 3/4:11; vgl. Dreier, 1997:196.

die spesifieke gemeenskap waarin en waardeur die Heilige Gees werk.<sup>119</sup> Dié eiesoortige aard van die kerk vind ook uitdrukking in die wyse waarop die kerk hom op grond van die Skrif in die wêreld definieer. Geen ander gemeenskap word as die tempel van die Heilige Gees, die liggaam van Christus, die volk van God, die bruid van Christus, die gebou van God en die kudde van God, met Christus as die ware Herder beskryf nie.<sup>120</sup> Die selfdefiniëring van die kerk dui onteenseglik daarop dat die kerk 'n eiesoortige posisie in die samelewing het.<sup>121</sup>

Die eiesoortige posisie van die kerk in die samelewing kom eweneens in die kerk se gesagsbeskouing tot uitdrukking.<sup>122</sup> Kerke van die reformasie is dit eens dat die staat se gesag gerig is op die ordening van die burgerlike samelewing.<sup>123</sup> Die gesag van die staat het 'n dwingende aard, wat die bevoegdheid om landsburgers te straf, insluit.<sup>124</sup> Hierteenoor het die kerk geestelike gesag wat tot uiting kom in die bediening van die sleutels van die koninkryk van die hemel.<sup>125</sup> Die gesag van die kerk het nie 'n dwingende, of vergeldende aard nie, maar is in wese verkondigend en oordedend.<sup>126</sup> Kerkregering is 'n *bedienende* regering, deurdat die Woord van God by wyse van die Gees in die harte van mense bedien word.<sup>127</sup>

Sodoende het die kerkreg 'n eiesoortige aard (*sui generis*) en behoort dié reg as 'n eiesoortige reg (*sui iuris*), uniek aan die kerk se bestaan en regering, erken te word.<sup>128</sup> Kerke van gereformeerde belydenis is ook 'n regsgemeenskap.<sup>129</sup> Vir die reg in die kerk bevat die Skrif die *ius constituendum* – die ideale voorstelling van die reg<sup>130</sup> – terwyl die kerkorde die *ius constitutum* is – die reg soos dit vanuit die Skrif verwoord en prakties in die kerkorde toegepas word.<sup>131</sup> Lidmate sluit dus nie 'n kontrak met mekaar, of met 'n instansie genaamd 'die kerkraad' om as 'die kerk' bekend te staan nie, maar onderwerp hulle aan die ordereëlins van die kerk omdat hulle daarvan

119 NGB art. 27.

120 Du Plooy, 2001:38, 39. Daar word algemeen aanvaar dat kerke van verskillende tradisies die genoemde definieëring van die kerk gebruik om die eiesoortige aard van die kerk in die samelewing te beskryf. In hierdie artikel word die teologiese verskille onderliggend aan dié definieëring van die kerk in verskillende kerklike tradisies nie nagegaan nie (vgl. Smit (1985:15-28, 80-102) vir die onderskeid tussen die Rooms-Katolieke beskouing van die kerk as *corpus Christi* en Calvin se beskouing van die kerk as *corpus Christi* (vgl. Du Plooy, 1979:17 e.v.). Die vraag is of die houe van 'n godsdiensneutrale staat in die begronding van teologiese verskille geïntereesd is én of dié selfdefiniëring van kerke in verskillende tradisies nie eerder as 'n aanduiding beoordeel moet word dat kerke in die breë verband hulleself as eiesoortige gemeenskappe definieer nie – 'n definisie van die kerk wat in die beoordeling van die kerk se regposisie erken behoort te word.

121 KO-boekie, 1980:7.

122 Vgl. Vorster, 1999:1.

123 Du Plooy, 1992:765; Hollerbach, 1994:270.

124 NGB art. 36.

125 Van der Linde, s.j. 126-133.

126 Smit, 1997:102 e.v.

127 Smit, 1997:102 e.v.

128 "As the church must be seen as an unique body, distinctive in its existence (*sui generis*), the Church Polity must be seen as a science with a character of its own (*sui iuris*) (Vorster, 1999:1; vgl. Smit, 2004:96; vgl. Mehlhausen, 1997:446; Weber, 1966:33; Robbers, 1997:484; Dreier, 1997:196. Die eiesoortige aard van die kerk se gesag rus wesentlik daarin dat Christus die kerk deur die Woord en die Gees en die besondere dienste regeer (Smit, 1997:100-102; vgl. Smit, 2004:93). Die kerk is ook die enigste gemeenskap wat die opdrag ontvang om die sleutels van die koninkryk van die hemel te bedien (vgl. Vorster, 1999:49). Die gesag van die kerk is geestelik en nie vergelykbaar met die gesag van die staat nie (Rutgers, 1894:23 e.v.).

129 Du Plooy, 1982:49, 148 e.v.

130 Van der Linde, 1965:107; vgl. Pienaar, 1986:32-35.

131 Smit, 1984:73.

oortuig is dat die kerk in leer, diens en tug ooreenkomstig die bepalings van die Skrif funksioneer.<sup>132</sup>

Indien daar geskille ontstaan, bied die kerkordes van gereformeerde kerke die geleentheid aan lidmate om die kerklike weg vir die beslegting van geskille, by wyse van beswaar of appél, te volg.<sup>133</sup> Waar geskille nie bygelê kan word nie, het lidmate die vryheid om sonder gewetensbinding deur die kerk van kerkgemeenskap te verander.<sup>134</sup> Weereens beoordeel kerke van gereformeerde belydenis die verwisseling van kerke nie as 'n kontrakgebaseerde handeling nie, maar as 'n geloofszaak wat betrekking het op die gewete van lidmate.<sup>135</sup> Dié eiesoortige oorsprong, wese en gesagsbeskouing behoort bepalend te wees vir die erkenning van die aard van die kerk se regs persoonlikheid én die moontlike toekenning van 'n unieke (status)posisie aan die kerk in die samelewing as 'n geloofsgemeenskap.<sup>136</sup>

Volgens die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se selfdefiniëring kan dié kerkgemeenskap nie as 'n vrywillige vereniging gedefinieer word nie. In dié tradisie word die kerk konsekwent as 'n eiesoortige gemeenskap gedefinieer.<sup>137</sup>

### Toets 2: Uitsluiting uit die kerk op grond van ras?

In sommige kerke van gereformeerde belydenis word die standpunt gehandhaaf dat ras mede as kriterium vir lidmaatskap gestel behoort te word.<sup>138</sup> In die lig van die verlossing deur Jesus Christus sê die gereformeerde belydenis dat die versoening tussen God en die mens plaasvind vanweë God se genadige werking van die Heilige Gees, die bediening van die Woord van God, of die bediening van die versoening tot saligheid.<sup>139</sup> Teen hierdie agtergrond word in artikel 3/4:7 van die Dordtse Leerreëls gestel dat God "die verborgenheid van sy wil in die Ou Testament aan min mense bekend gemaak het, maar in die Nuwe Testament, waar die onderskeid tussen die volke nou weggeneem is, openbaar Hy dit nou aan meer mense" (my beklemtoning – JS).

Uit die belydenis van die kerk blyk dat ras of volk nie as 'n beoordelingskriterium vir kerklike lidmaatskap aangevoer kan word nie.<sup>140</sup> Dié belydenis rus op Skrifgegewens en gegewens uit die kultuurhistoriese agtergrond wat daarop dui dat 'n lewende geloof in Jesus Christus die enigste kriterium vir lidmaatskap van die kerk is.<sup>141</sup> As maatstaf van die kerk se selfdefiniëring bied die

132 Van der Linde, 1965:182.

133 Vgl. byvoorbeeld KO art. 31 van die GKSA; KO art. 63 van die NGK; KO van die NH-kerk ordereël 8, ordinansie 8.3.8.

134 "Daarom gaat de kerk bij alle regeling zoo te werk, dat zij de consciëntiën altyd vrijlaat; dat zij het getal der vormen zoo klein mogelijk maakt; dat zij alle bepalingen eeniglijk met de goede orde in verband brengt; dat zij Gods ordinatiën daarbij altijd onvoorwaardelijk op de voorgrond stelt; en dat zij ook uitdrukkelijk vrijheid geeft, en zelfs voorschrijft, om zich aan Gods Woord te houden, als het zijn moet zelfs tegenover alle kerklike ordening en beslissing. Door dat laatste is de volstreekte heerschappij van Gods Woord ook formeel in de rechtsorde opgenomen" (Rutgers, 1894:20); vgl. Calvin *Inst.* 4.10.5-4.10.8.

135 Die belydenis verklaar die aansluiting van gelowiges by die kerk nie aan die hand van kontraksluiting nie, maar as gevolg van die werking van die Heilige Gees (NGB artt. 27-29).

136 Vgl. BVerfGE 18, 385 (386); Jurina, 1994:691, 692.

137 Vgl. Acta, 1955:70 e.v.; 1982:626-630; 1985:466 e.v.; Pienaar 1986.

138 Vgl. Jans van Rensburg en Pienaar, 2005:46.

139 Dordtse Leerreëls, 3/4:6.

140 Smit, 2000:2, 3.

141 Eksodus 12:48 – "Die vreemdeling wat jou beskerming geniet en die paasfees van die Here wil vier, moet besny word, hy en al die mans en seuns by hom. Dan eers is hy soos 'n gebore Israeliet en kan Hy daaraan deelneem"; vgl. Genesis 17:9 e.v.; Greijdanus, 1960:8; Van Wyk, 1988:28, vgl. 16-32.

belydenis nie regsgronde vir die kerk indien kerklidmaatskap aan gelowiges geweier word op grond van ras of volk nie.

### Toets 3: Appél en beswaar

Gereformeerde kerke aanvaar dat die *doctrina* van die kerk nie van die *diciplina* geskei mag word nie.<sup>142</sup> Sodoende is die leer van die kerk en die uitlewing van die leer in 'n wisselwerking betrokke.<sup>143</sup> Die een mag nie in teësprak met betrekking tot die ander kom nie.<sup>144</sup> Die maatstaf vir die toepassing van die kerklike *diciplina* is die Skrif.<sup>145</sup> Gereformeerde kerke handhaaf byvoorbeeld die beginsels van natuurlike geregtigheid, omdat die Skrif volgens dié kerke se beskouing die verpligting op die kerk plaas en nie omdat die staat dit van die kerk vereis nie.<sup>146</sup>

As 'n uitdrukkingstipe van die kerk se selfdefiniëring behoort die prosedure wat kerke van gereformeerde belydenis volg nie 'n konfrontasie tussen die kerk en die staat te veroorsaak nie. In die lig van godsdiensvryheid het die hoewe die verantwoordelikheid om te toets of die kerk sy eie prosedures volg.<sup>147</sup> Regsgeleerdes is van mening dat godsdiensvryheid die bevoegdheid van die hoewe beperk deurdat die hoewe nie kerklike besluite wat op leerstellige kwessies gegrond is, mag repudieer nie, maar deur die saak na die bevoegde kerklike outoriteit terug te verwys.<sup>148</sup> Die beoordeling van die kerk en interne kerklike aangeleenthede aan die hand van die kontraktereg, arbeidsreg en ander regsgronde kan as 'n aantasting van die reg van godsdiensvryheid beskou word in gevalle waar kerkgemeenskappe die kerk én interne kerklike verbintenisse as eiesoortig (*sui generis*) definieer.<sup>149</sup> Waar dié regsgronde gebruik word om die kerk (as 'n eiesoortige gemeenskap) en interne kerklike aangeleenthede (as eiesoortige regshandelinge) te definieer sou 'n organisatoriese skema op die kerk afgedwing word – 'n onaanvaarbare gebruik in die lig van godsdiensvryheid omdat die skeiding tussen kerk en staat daardeur opgehef word.<sup>150</sup>

Die kerk het die verantwoordelikheid om kerklike prosedures in die lig van die Skrif en die belydenis te formuleer, sodat daar nie verwarring hoef te wees oor die verhouding tussen die kerk se *doctrina* en die toepassing van die kerklike *diciplina* nie.

### Perspektief

In die reformatoriese tradisie is dit 'n gevestigde praktyk dat kerke hulleself as 'n *corpus* definieer. Tydens die Sinode van Heilbron (1633) het die kerk van die reformasie homself as die *Corpus Evangelicorum* gedefinieer, in teenstelling met die Rooms-Katolieke beskouing van die kerk as die *Corpus Catholicorum*.<sup>151</sup> Die kerke (verskillende tradisies) is volgens hierdie omskrywings gedefinieer as twee afsonderlike institusionele 'groothede' wat teenoor mekaar staan. Latere

ontwikkelings, soos byvoorbeeld die kollegialisme, het die institusionele aard van die kerk as *corpus* beklemtoon.<sup>152</sup> Die gevolg was 'n verinstitutionele beskouing van die kerk, wat as die grondslag gedien het vir die regsdefiniëring van die kerk as 'n vrywillige vereniging.<sup>153</sup>

In die gereformeerde tradisie, soos dit deur die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika uitdrukking vind, is die verabsolutering van een van die kerke se eienskappe – in die geval die institusionele kenmerk van die kerk – nie as 'n maatstaf vir die kerk se selfdefiniëring aanvaar nie.<sup>154</sup> Calvyn het die kerk byvoorbeeld nie as 'n institusionele grootheid beskou nie; hy het die kerk eerder as die *Corpus Christi* beskou – 'n organiese eenheid wat op grond van die dinamika van sy onderskeie lidmate in plaaslike kerke bestaan.<sup>155</sup> Sodoende is die kerk nie 'n oorkoepelende institusionele grootheid waarvan verskeie gemeentes 'n deel van die groter geheel (die kerk) vorm nie. Die plaaslike kerk is die universele kerk ter plaatse, dit wil sê 'n volledige uitdrukking van die liggaam van Christus op 'n spesifieke plek in die wêreld.<sup>156</sup> Die kerklike vergaderings, soos die klassis, partikuliere sinode en die algemene sinode, is volgens die Gereformeerde Kerke dus nie regspersone nie.<sup>157</sup> Slegs die plaaslike kerk is volgens die selfdefiniëring van dié kerkgemeenskap 'n regspersoon.<sup>158</sup>

## 5. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Die grondwetlik gewaarborgde reg van godsdiensvryheid, die godsdiensneutrale uitgangspunt van die staat én die gepaardgaande skeiding tussen die kerk en die staat beperk die staat se bevoegdheid tot die ordening en reëling van die burgerlike samelewing. In die lig van godsdiensvryheid kan die hoewe se definiëring van die kerk as 'n vrywillige vereniging nie aanvaar word nie. Dié definisie van die kerk rus op 'n a-historiese en abstrakte beskouing van die kerk, waardeur die staat hom die reg toe-eien om soewereiniteitsgesag teenoor die kerk uit te oefen.

Godsdienstvryheid bied dié perspektief dat die kerk, én nie die staat nie, die bevoegdheid het om die kerk te definieer. Die definiëring van die kerk is toetsbaar deur die hoewe op grond van die beginsel van die oppergesag van die reg. Toetse wat vir kerklike selfdefiniëring aangelê kan word, is die belydenis van die kerk, die aard en omvang van eksegetiese vraagstukke, die nakoming van interne kerklike prosedures en die vraag of 'n beperking op die kerk uit 'dwingende gronde' tot voordeel van die gemeenskap nodig is.

Die kerk se selfdefiniëring op grond van die Skrif en die kerklike belydenis as die *corpus Christi* behoort deur die hoewe erken te word, en wel so dat by die kerk se selfdefiniëring aangesluit word. Vir die kerk is die erkenning van die aard van sy regspersoonlikheid van deurslaggewende belang, deurdat die kerk se eiesoortige posisie in die samelewing daardeur tot uitdrukking kom. Sodoende behoort die kerk nie in die staatsorde as 'n onderhorige van die staat 'ingelyf' te word nie. Die staat het nie die reg om soewereiniteitsgesag oor die kerk uit te oefen nie. Die eiesoortige

142 Du Plooy, 2002:4; Plomp, 1969:62.

143 Vgl. Smit, 1984:62 e.v.

144 Vgl. Polman, s.j. 39 e.v.

145 Smit, 1984:63.

146 Smit, 1995: 395-412.

147 Gildenhuis, 2001:242; vgl. Broyde, 1996:225 e.v.

148 Gildenhuis, 2001:242.

149 Vgl. Pirson, 1995:865, 866 voetnoot 64; Gildenhuis, 2001:242.

150 Vgl. Gildenhuis, 2001:242. Kyk Von Campenhausen, 1994:66-68 oor die posisie van die kerk in Frankryk in die lig van die sogenaamde "Trennungsgesetz" van 9 Desember 1905. "Auch dieses Gesetz galt als Freiheitsgesetz, indem es sowohl dem Staat als den Kirchen Freiheit voneinander bringen sollte. Es litt aber an innerem Widerspruch. Das zeigte sich insbesondere daran, dab es in direktem Gegensatz zu jeder Trennungsidee den Kirchen als Voraussetzung freier Religionsausübung ein bestimmtes Vervassungs- und Organisationsschema aufzwang" (my beklemtoning – JS).

151 Kirchhof, 1994:659.

152 Vgl. Smit, 1985:57-59.

153 Vgl. Smit, 1985:58; Heckel, 1994:187.

154 Vgl. Du Plooy, 1979:13-21, 22-29.

155 Vgl. Richel, 1942:53; Bohatec, 1961:267.

156 Snyman, 1977:35, 45, 78 e.v.; vgl. Romeine 16:4, 16; 1 Korintiërs 11:16; 14:33; 2 Korintiërs 8:18; 11:8; 12:12; Galasiërs 1:2; 22; 1 Tessalonissense 2:14; Bouwman, 1970(II):10 e.v.; Smit, 1988:133, 134; Du Plooy, 1979:13 e.v. 24; vgl. Du Plooy, 1982:127-184; Coetzee, 1965:282 e.v.; Van Wyk, 1968:13; Kruger e.a., 1966:75; Hovius, 1972:14; Van der Linde, 1965:122, 123; Acta, 1985:463 e.v.; Smit, 2001:78 e.v.

157 Pienaar, 1986:32 e.v.

158 Pienaar, 1986:26 e.v.



oorsprong, aard, gesagsbegrip en doel van die kerk bied die moontlikheid om 'n unieke posisie vir die kerk te skep as erkenning van die kerk se eiesoortige aard.

Godsdiensvryheid bied aan die kerk die geleentheid en die reg tot selfdefiniëring. Indien die kerk se reg tot selfdefiniëring deur die staat ernstig (by wyse van die howe) opgeneem word, word hiermee die ruimte geskep waardeur die harmonie tussen kerk en staat gedien kan word. Vanweë die kerk se selfverklaarde inherente gebondenheid aan die gesag van die reg, behoort die erkenning van sy selfdefiniëring nie 'n moontlikheid van botsende belange na vore te laat kom nie, maar juis die geleentheid vir harmonie, deurdat die kerk op dié wyse tot volle uitdrukking en verwesenliking - volgens die eie aard van sy regs persoon - in die staatsbestel kan kom.

## BIBLIOGRAFIE

### *Acta sien* HANDELINGE VAN DIE SINODE

- Anschütz, G 1937. Die Religionsfreiheit. Handbuch des Deutschen Staatsrecht. 2. Band. Tübingen: JCB Mohr.
- Badura, P 1994. Das Staatskirchenrecht als Gegenstand des Verfassungsrechts. Die verfassungsrechtlichen Grundlagen des Staatskirchenrechts. (In Listl, J und Pirson, D Handbuch des Staatskirchenrechts der Bundesrepublik Deutschland. Erster Band. Duncker & Humblot: Berlin. p. 211-251.)
- Bohatec, J 1961. Calvin's Lehre von Staat und Kirche: mit besondere Berücksichtigung des Organismusedankens. Aalen: Scienta.
- Botha, P 2005(a). Die sinode en Homoseks – 'n Kritiese evaluering van die homoseksualiteitsdebat in die NG Kerk in Suid-Afrika. Kranskop: Khanya Press.
- Botha, P 2005(b). The Bible and Homosex – Sexual Truths for a Modern Society. Kranskop: Khanya Press.
- Bouwman, H 1970. Gereformeerde Kerkrecht. Tweede Deel. Kampen: Kok.
- Broyde, MJ 1996. Forming religious communities and respecting dissenter's rights: A Jewish tradition for a modern society. (In Van der Vyfer, JD and Witte, John (Jr.). Religious Human Rights in Global Perspective. London: Martinus Nijhoff. p. 203-233.)
- Calvyn, J 1991. Institusie van die Christelike Godsdiens. Boek IV. Vertaal deur H.W. Simpson. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds.
- Coertzen, P 2001. Die regsposisie van kerke in Suid-Afrika. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*. 42(1 & 2):115-122.
- Coetzee, JC 1965. Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament. Potchefstroom: Pro Rege.
- Constitution of the Republic of South Africa, Act 108 van 1996.
- De Bres, G 1561. Die Nederlandse geloofsbelijdenis. (In Die berymde Psalms. Kaapstad: N.G. Kerk Uitgewers. p. 488-516.)
- Die Bybel. 1983. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Dordtse Leerreëls, 1618/19. (In Die Psalmboek. Wellington: NG Kerk-Uitgewers.)
- Dreier, R 1997. Der Rechtsbegriff des Kirchenrechts in juristisch-rechtstheoretische Sicht. (In Rau, G; Reuter, H.R.; & Schlaich, K., Hrsg. Das Recht der Kirche. Band I. Gütersloh: Kaiser. p. 171-198.)
- Du Plessis, LM 2002. Grondwetlike beskerming vir godsdiensregte as groepsregte in Suid-Afrika. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*. 43(1/2):214-229.
- Du Plessis, LM 1996. The Bill of Rights in the Working Draft of the New Constitution: An Evaluation of Aspects of a Text *sui generis*. *Stellenbosch Law Review*. 7(1):3-24.
- Du Plooy, A le R 1979. Ekklesia en meerdere vergaderinge. Potchefstroom: PU vir CHO. (M.A.-verhandeling.)
- Du Plooy, A le R 1982. Kerkverband. 'n Gereformeerde kerkregtelike studie. Potchefstroom: PU vir CHO. (Th.D.-proefskrif.)
- Du Plooy, A le R 2001. Koninkryk, kerk en universiteit. (In Van Wyk, J.H., red. Kerk en Christenwees vandag. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies. p. 35-44.)
- Du Plooy, A le R. 2002. Kerke se interne verbandsreg en die arbeidswetgewing. Advies aan die Konvent van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. p.1-6.
- Du Plooy, A le R 1992. Calvyn oor die koninkryk van God en die staat. *Hervormde Teologiese Studies* 48(3 & 4):759-771.
- Ebers, GJ 1930. *Staat und Kirche im neuen Deutschland*. München: Max Hueber.
- Eloff, T 1982. Die subordeneringsopdrag aan die owerhede: 'n eksegeties-dogmatiese studie. Potchefstroom. (Th.M.-verhandeling.)
- Formulier vir die bediening van die heilige Nagmaal. 2003. (In Die Psalmboek. Wellington: NG Kerk-Uitgewers. p. 121-132.)

- Gildenhuys, J 2001. An Assessment of Constitutional Guarantees of Religious Rights and Freedoms in South Africa. (LLD) Stellenbosch.
- Greijdanus, 1960. I en II Petrus. Korte Verklaring der Heilige Schrift. Kampen: Kok.
- Grondwet: Sien Constitution*
- Handelinge van die 32ste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 1955. Pretoria: V & R Drukkery.
- Handelinge van die Een en Veertigste Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 1982. Potchefstroom: Potchefstroom Herald.
- Handelinge van die Twee en Veertigste Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 1985. Potchefstroom: Potchefstroom Herald.
- Heckel, M der Vereinigung der Deutschen Staatslehre. Heft 26. Berlin: Walter de Gruyter. p. 5-48.)
- Heckel, M 1994. Die Verhältnis von Kirche und Staat nach Evangelischem Verständnis. (In Listl, J. und Pirson, D. Handbuch des Staatskirchenrecht der Bundesrepublik Deutschland. Erster Band. Berlin: Duncker & Humblot. p. 157-208.)
- Hesse, K 1994. Das Selbstbestimmungsrecht der Kirchen und Religionsgemeinschaften. (In Listl, J. und Pirson, D. Handbuch des Staatskirchenrechts der Bundesrepublik Deutschland. Erster Band. Duncker & Humblot: Berlin. p. 521-559.)
- Hiemstra, VG & Gonin, HL 1992. Drietalige Regswoordeboek. Derde Uitgawe. Kenwyn: Juta en Kie.
- Hollerbach, A 1968. Die Kirchen unter dem Grundgesetz. (In Veröffentlichungen der Vereinigung der Deutschen Staatsrechtslehrer. Heft 26. Berlin: Walter de Gruyter. p. 57-101.)
- Hovius, J 1972. Notities betreffende de Synode te Emden, 1571, en haar artikelen. *Apeldoornse Studies* nr. 4. Kampen: Kok.
- Janse van Rensburg, JJ (*Fika*) en Pienaar, Gerrit J 2005. Vreemdeling in jou eie land? Teologiese riglyne vanuit 1 Petrus, met 'n juridiese begronding. *In die Skriflig* 39(1):27-52
- Jonker, WD 1976. Die Brief aan die Romeine. Vierde Druk. Pretoria: N.G. Kerk Uitgewers.
- Jooste, JP 1958. Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959. Potchefstroom: Potchefstroom Herald.
- Jurina, J 1979. Das Dienst und Arbeitsrecht im Bereich der Kirchen in der Bundesrepublik Deutschland. Berlin: Duncker & Humblot.
- Jurina, J 1994. Die religionsgemeinschaften mit privatrechtlichem Rechtstatus. (In Listl, J und Pirson, D Handbuch des Staatskirchenrecht der Bundesrepublik Deutschland. Erster Band. Berlin: Duncker & Humblot. p. 689-713.)
- Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Soos gewysig deur verskillende sinodes. 1980. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Fonds.
- Kerkorde van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika. 1997. Perskor.
- Kerkorde, Bepalings en Reglemente van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 1999. Kaapstad: Lux Verbi.
- Kerkordeboek van Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 1998. Potchefstroom: Admin. Buro van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.
- Kirchhof, P 1994. Die Kirchen und Religionsgemeinschaften als Körperschaften des öffentlichen Rechts. (In Listl, J und Pirson, D Handbuch des Staatskirchenrecht der Bundesrepublik Deutschland. Erster Band. Berlin: Duncker & Humblot. p. 651-687.)
- Kruger, LS e.a. 1966. Handleiding by die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom: Pro Rege.
- Malherbe, R 2005. Enkele kwelvrae oor die grondwetlike beskerming van die reg op godsdiensvryheid. Kerk-Staat konferensie. Stellenbosch. Ongepubliseerd.
- Mehlhausen, J 1997. Schrift und Bekenntnis. (In Rau, G; Reuter, HR; & Schlaich, K (Hg.). Das Recht der Kirche. Band I. Gütersloh: Kaiser. p. 418-447.)
- NGB Sien De Bres*
- Pienaar, G 1986. Die Regsposisie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom: EFJS.
- Pienaar, G 1997. Regsubjektiwiteit en die Regspersoon. Potchefstroom: Departement Sentrale Publikasies.
- Pirson, D 1994. Die geschichtlichen Wurzeln des deutschen Staatskirchenrechts. (In Listl, J. und Pirson, D. Handbuch des Staatskirchenrechts der Bundesrepublik Deutschlands. Erster Band. Zweite, grundlegend neubearbeitete Auflage. Berlin: Duncker & Humblot. p. 3-46.)
- Pirson, D 1995. Das kircheneigene Diensrecht der Geistlichen und Kirchenbeamten. (In Listl, J. und Pirson, D. Handbuch des Staatskirchenrechts der Bundesrepublik Deutschland. Zweiter Band. Duncker & Humblot: Berlin. p. 845-875.)
- Plomp, J 1969. De kerklijke tucht bij Calvijn. Kampen: Kok.

Polman, ADR s.j. Onze Nederlandse Geloofsbelijdenis: verklaard uit het verleden gekonfronteerd met de heden. Deel 4. Franeker: Wever.

Richel, PJ 1942. Het kerkbegrip van Calvijn. Franeker: Wever.

Ridderbos, H 1966. Paulus. Ontwerp van zijn theologie. Kampen: Kok.

Robbers, G 1994. Förderung der Kirchen durch der Staat. (In Listl, J. & Pirson, D. Handbuch des Staatskirchenrechts der Bundesrepublik Deutschlands. Erster Band. Zweite, grundlegend neubearbeitete Auflage. Berlin: Duncker & Humblot. p. 867-890.)

Robbers, G 1997. Staatliches Recht und Kirchenrecht. (In Rau, G; Reuter, HR; & Schlaich, K. (Hg.). Das Recht der Kirche. Band I. Gütersloh: Kaiser. p. 474-496.)

Robbers, G 2001. Religious Freedom in Germany. *Brigham Young University Law Review* [http://lawreview.byu.edu/archives/2001\\_2.htm](http://lawreview.byu.edu/archives/2001_2.htm)

Robbers, G s.j. (Sonderdruck.) Menschenrechte aus der Sicht des Protestantismus. (In Merten/Papier (Hg.) Handbuch der Grundrechte in Deutschland und Europa. Band I. CF MÜLLER. p. 387-411.)

Rutgers, 1894. Het kerkrecht in zoover het de kerk met het recht in verband brengt. Amsterdam: Wormser.

Schlaich, K 1972. "Neutralität" als Verfassungsrechtliches Prinzip. Tübingen: Mohr.

Smit, CJ 1984. God se orde vir sy kerk. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Smit, CJ 1985. Kerkreg en kerkorde in die lig van God se reg vir sy kerk. Potchefstroom: PU vir CHO. (Th.D-proefskrif).

Smit, CJ 1988. Weerwoord: Die grense van die kerk. (In Du Toit, H. & Kruger, P., red. Geroep tot eenheid. Halfway House: NGKB. p. 126-142.)

Smit, CJ 1995. Die kerkregtelike toepassing van die reëls van "natuurlike geregtigheid" op grond van die Skrif. *In die Skriflig*, 29(3):395-412.

Smit, CJ 1997. A Governing of the heart. Mainly as seen by John Calvin. (In Neuser, W. & Selderhuis, H.J. red. Leiden: Uitgeverij JJ Groen en Zoon. p.99-110.)

Smit, CJ 2000. Afrikaners: Is dit Calvyn se skuld? *Woord en Daad* 40(374):2, 3.

Smit, J 2001. 'n Gereformeerde-kerkregtelike beoordeling van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk. Potchefstroom: PU vir CHO (Th.M-verhandeling.)

Smit, J 2004. Die predikant - 'n werknemer van die kerkraad? *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 45 (1/2):88-98.

Snyman, WJ 1977. Nuwe en Ou Dinge. Uit die skat van die koninkryk. In Snyman, P.C., red. Potchefstroom: Pro Rege.

Spoelstra, B 1989. Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering. 'n Handboek by die Kerkorde. Hammanskraal: Hammanskraalse Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Van der Linde, GPL 1965. Grondbeginsels van die Presbiteriale kerkregeringstelsel. Potchefstroom: Pro Rege.

Van der Linde, GPL s.j. Die begrip koninkryk van die hemele as grondslag vir die kerkreg. Plek van uitgawe onbekend.

Van der Vyfer, JD 1999. Constitutional perspective of Church-State Relations in South Africa. *Brigham Young University Law Review*. (Rev. 635) [http://web.lexis-nexis.com/profesional/pint?dd\\_jobType=spew](http://web.lexis-nexis.com/profesional/pint?dd_jobType=spew)

Van der Walt, BJ 2005. Godsdienverskeidenheid, -onverdraagsaamheid en -vryheid. 'n Prinsipiële besinning (1). *In die Skriflig* 39(1):53-79.

Van der Walt, JJ 1976. Christus as Hoof van die kerk en die presbiteriale kerkregering. Potchefstroom: Pro Rege.

Van Wyk, JH 1968. Hoeveel kerkbegrippe is by ons in swang? *In die Skriflig*, 2(7):12-26.

Van Wyk, JH 1988. Kerkeenheid: 'n Perspektief op die verhoudinge in die Gereformeerde Kerke in Suidelike Afrika. *In die Skriflig* 22(85):16-32.

Von Campenhausen, A Frhr. 1994. Der heutige Verfassungsstaat und die Religion. (In Listl, J. und Pirson, D. Handbuch des Staatskirchenrechts der Bundesrepublik Deutschland. Erster Band. Duncker & Humblot: Berlin. P. 47-84.)

Vorster, JM 1999. An Introduction to Reformed Church Polity. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

Vorster, JM 2005. Gereformeerde wees. Relevant. Voordrag gelewer by die Gereformeerde Teologiese Vereniging. 2005. Ongepubliseer.

Vorster, N 2004. Die kerk en openbare belydsvorming – 'n praktiese voorstel vir gereformeerde getuienis. *In die Skriflig* 38(3):517-545.

Weber, H 1966. Die Religionsgemeinschaften als Körperschaften des öffentlichen Rechts im System des Grundgesetzes. Schriften zum Öffentlichen Recht. Band 32. Berlin: Duncker & Humblot.

Weber, H. 1994. Grundrechtsbindung der Kirchen und Religionsgemeinschaften. (In Listl, J. und Pirson, D. Handbuch des Staatskirchenrechts der Bundesrepublik Deutschland. Erster Band. Duncker & Humblot: Berlin. p. 573-587.)

Weber, H 2000. Religionsfreiheit im nationalen und internationalen Verständnis. *Zeitschrift fuer evangelisches Kirchenrecht*. 45. Band. p. 110-156.

Woolman, S en De Waal, 1994. Freedom of association: the right to be we. (In Van Wyk, D.H. et al., Eds. Rights and constitutionalism, the new South African legal order. Cape Town: Juta. p. 338-386.)

#### HOFSAKE

*Allsop v McCann* [2000] JOL 7147 (C).  
 BVerfG, 6.4.1979 – 2 BvR 356/79.  
 BVerfGE 12, 1.  
 BVerfGE 18, 385.  
 BVerfGE 33, 23.  
 BVerfGE 70, 138.  
 BVerfGE, 42, 312.  
*Christian Education South Africa v Minister of Education* 2000 (10) BCLR 1051 (CC).  
*De Vos v die Ringskommissie van die Ring van die NGK, Bloemfontein* 1952 2 SA 83 (O).  
*Du Plessis v the Synod of the DR Church* 1930 CPD 403.  
*Dutch Reformed Church, Van Wijks Vlei v Registrar of deeds* 1918 CPD 375.  
*Long v Bishop of Cape Town* 1963 4 Searle 162.  
*Louvis ea v Oikonomos ea* 1917 TPA 475.  
*Odendaal v Van Loggerenberg en andere* 1961 1 SA 712 (O).  
*Regent v Chief Rabbi of the United Hebrew Congregations of Great Britain and the Commonwealth (Ex parte Wachmann)* [1993] 2 All ER 249 (QB).  
*Schreuder v Die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit e.a.* 1999 20 ILJ.  
*Theron v Ring van Wellington, N.G. Sendingkerk in S.A.* 1976 2 SA 1 (A).  
*Van Vuuren v Kerkraad Môreli Gemeente, NG Kerk* 1979 4 SA 548 (O).  
*Venter ea v Den Kerkraad der Gereformeerde kerk te Bethulie* 1879 OVS 4.

#### TREFWOORDE

Kerk en staat  
 Posisie van die kerk in die staat  
 Godsdienstryheid  
 Definiëring van die kerk  
 Selfdefiniëring van die kerk

#### KEY WORDS

Church and state  
 Position of the church in the state  
 Religious freedom  
 Defining the church  
 Selfdefining of the church

Dr Johannes Smit  
 Posbus 3131  
 WITPOORTJIE  
 1729

[jhsmit@telkomsa.net](mailto:jhsmit@telkomsa.net)